

Huldigingsvoorwoord tot die feesbundel opgedra aan prof dr C R de Beer, Viserektor, Universiteit van Pretoria, by geleentheid van die Universiteit van Pretoria se eeufeesviering

Dit is vir die Redaksie van die *HTS Theologiese Studies* 'n besondere voorreg om in hierdie jubileumjaar van die Universiteit van Pretoria, 'n feesuitgawe aan Prof dr C R de Beer, viserektor en onder andere verantwoordelik vir die Fakulteit van Teologie, op te dra.

Prof De Beer se betrokkenheid by die Fakulteit dateer terug tot Junie 1995 toe hy die verantwoordelike viserektor vir die destydse twee Fakulteite van Teologie geword het. Vir al die betrokkenes was en is dit 'n gelukkige keuse. Sy heilsame rol in die samesmelting van die twee fakulteite (Afdelings A & B) agt jaar gelede, kan nie onderskat word nie. Sy juridiese nugterheid en professionele bestuursvaardigheid, tesame met sy sensitiwiteit vir die kerk en die kerk se waardes, het die basis gelê vir die destydse ooreenkoms en wat daarop gevolg het.

Prof Chris de Beer het deur die jare getoon dat die wetenskaplike beoefening van teologie hom na aan die hart lê. Die taak van 'n Fakulteit Teologie is vir hom dus geen ideologiese afrigting nie, maar die behoorlike beoefening van kritiese wetenskap. Onder sy leiding het die

Preface to the jubilee number dedicated to Prof Dr C R de Beer, Vice-Rector, University of Pretoria, on the occasion of University of Pretoria's centenary

It is a great honour for the Editorial Board of *HTS Theological Studies* to dedicate this celebratory edition of the journal to Professor C R de Beer, the Vice-Rector, who is, *inter alia*, responsible for the Faculty of Theology, in this jubilee year of the University of Pretoria.

Professor De Beer's involvement with the Faculty dates back to June 1995, when he was appointed the vice-rector responsible for the then two Faculties of Theology. This was a good choice for all concerned. He played a critical role in the amalgamation of the two faculties (Sections A and B) eight years ago. With his legal mind, managerial skills, and sensitivity to church matters and values, he facilitated the agreement which became the foundation for further cooperation between church and university.

Over the years, Professor De Beer has shown respect for the fact that theology is fundamentally a scientific endeavour. Therefore he sees the task of a Faculty of Theology not as providing ideological training, but rather as engaging in academic theology as a

Huldigingsvoorwoord opgedra aan prof dr C R de Beer/Foreword dedicated to Prof. Dr. C R de Beer

Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria een van die voortreflikste teologiese opleidings in Suid-Afrika geword. Die Universiteit van Pretoria se strategiese leuse van *internasionaal kompetend en plaaslik relevant*, is onder sy bekwame bestuur doelbewus deur die Fakulteit Teologie uitgebou. En hierin het die *HTS Teologiese Studies* 'n belangrike rol gespeel. *HTS* word internasionaal by al die belangrikste indekse vir hierdie genre gelys.

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria is 'n veelkerklike fakulteit. Dit beteken dat daar meer as een vennoot betrokke is en dat daar boonop nagestrewes word om ook toenemend vennote te betrek. Voortdurende gesprekke en onderhandelings is gevolglik ook aan die orde. Dit is juis in hierdie opsig waar die plaaslike relevansie van die Fakulteit Teologie ter sprake kom. Prof Chris de Beer fasiliteer aan die Universiteit van Pretoria juis daardie aksies wat hierdie multikulturele karakter ondersteun en uitbou. Alleen so kan 'n universiteit 'n bydrae maak tot die land waarin akademici leef en werk.

HTS Teologiese Studies is geëerd dat prof De Beer hom met die Fakulteit Teologie in die algemeen en hierdie vakjoernaal in die besonder, assosieer. Mag hierdie verbintenis lank duur!

HTS Teologiese Studies wens ook die Universiteit van Pretoria geluk met die een honderdste verjaarsdag wat amptelik 08 Februarie

critical science. With his leadership, the Faculty of Theology at the University of Pretoria has reached a level of excellence in South Africa. Under his efficient guidance the strategic motto of the University of Pretoria, to be *internationally competitive and locally relevant*, has been intentionally carried out. The *HTS Theological Studies* has played an important role in this pursuit of excellence. It is listed internationally in all the most important indexes of this genre.

The Faculty of Theology at the University of Pretoria accommodates a variety of church partners and is always open to negotiations with new partners. This contributed to the local relevance of the Faculty. At the University of Pretoria, Professor De Beer facilitates and promotes the multi-cultural character of the University. In this way the University can make a contribution to the country as a whole.

HTS Theological Studies is honoured by Professor De Beer's association with the Faculty in general and with this journal in particular. We hope that this involvement will continue for many years to come!

HTS Theological Studies would also like to congratulate the University of Pretoria on the momentous occasion of its centenary on 8 February this year. We hope that UP will indeed – in the words of

2008 gevier is. Mag UP – in die woorde van Generaal Jan Smuts 'n honderd jaar gelede – vir Suid-Afrika word wat die Universiteit van Oxford vir die Verenigde Koninkryk geword het!

General Jan Smuts one hundred years ago – be for South Africa what the University of Oxford has become for the United Kingdom!

---o0o---

---o0o---

**VERKORTE CURRICULUM VITAE:
PROF C R DE BEER**

**ABRIDGED CURRICULUM VITAE:
PROF C R DE BEER**

Prof C R de Beer matriculeer aan die Lichtenburgse Hoërskool en behaal die volgende tersiêre kwalifikasies:

Prof C R de Beer matriculated at the Hoërskool Lichtenburg and obtained the following tertiary qualifications:

BJur et Art (PU vir CHO)
LLB (cum laude) (PU vir CHO)
LLM (RAU)
LLM (UWK)
Drs Juris (Leiden)
LLD (Leiden).

BJur et Art (PU for CHE)
LLB (cum laude) (PU for CHE)
LLM (RAU)
LLM (UWC)
Drs Juris (Leiden)
LLD (Leiden).

Prof De Beer is toegelaat as Advokaat van die Hoërhof van Suid-Afrika en het in hierdie hoedanigheid vir 'n tydperk deelyds gepraktiseer.

Prof De Beer was admitted as advocate of the Supreme Court of South Africa and practiced part-time for a while in this capacity.

Hy beklee voorts die volgende akademiese en bestuursposte, by onderskeidelik die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Pretoria:

He held the following academic and managerial positions at the Potchefstroom University for Christian Higher Education and at the University of Pretoria respectively:

Professor en Hoof van die Departement Handelsreg (PU vir CHO)

Professor and Head of the Department Commercial Law (PU for CHE)

Adjunkdekaan: Fakulteit Regte (PU vir CHO)

Deputy Dean: Faculty of Law (PU for CHE)

Dekaan: Fakulteit Regte (PU vir CHO)

Dean: Faculty of Law (PU for CHE)

Registrateur (UP)

Registrar (UP)

Viserektor (UP).

Vice Rector (UP).

Prof De Beer is outeur en mede-outeur van 'n aantal vakwetenskaplike publikasies en het verskeie buitelandse studie- en inligtingsreise onderneem. Hy het in verskillende hoedanighede wye bestuurs- en finansiële ervaring opgedoen.

Prof De Beer is the author and co-author of several scientific publications and has undertaken numerous overseas study and research tours. He has broad financial and managerial experience which he obtained in various capacities.

As Viserektor van die Universiteit van Pretoria is prof De Beer verantwoordelik vir 'n aantal fakulteite in die Geesteswetenskappe, Studente-aangeleenthede, Menslike Hulpbronne, Koshuisaangeleenthede en Akkommodasie, Veiligheidsdienste, die Mamelodikampus en verskeie spesiale projekte.

As Vice Rector of the University of Pretoria, Prof De Beer is responsible for several faculties within the Social Sciences, as well as for Student Matters, Human Resources, Student Residence and Accommodation Matters, Security Services, the Mamelodi campus and several special projects.

Prof De Beer is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en van die Academy of Science of South Africa.

Prof De Beer is a member of The South African Academy for Science and Arts and of the Academy of Science of South Africa.

J Buitendag

**Voorsitter van die Redaksie van *HTS Teologiese Studies*
Chairperson of the Editorial Board of *HTS Theological Studies*
*Universiteit van Pretoria / University of Pretoria***